23
~~25~~-04.79

GEHEIM

144/5/2

STAATKUNDIGE AKSIEKOMITEE:
AANHOUDING EN REHABILITASIE VAN GEVANGE TERRORISTE:

(1) HUIDIGE AANGEHOUDENES IN SUIDWES-AFRIKA

(2) ŉ LANGTERMYNBELEID VIR DIE TOEKOMS

Detainees

1. HUIDIGE AANGEHOUDENES IN SUIDWES-AFRIKA

Agtergrond

Tydens die Weermag se optrede teen SWAPO-basisse in Angola gedurende Mei 1978 is ŉ hele aantal SWAPO-terroriste/aanhangers gevange geneem en na Suidwes-Afrika teruggebring. Na ondervraging is van die persone aan die S.A.P. oorhandig vir verdere optrede. Die ander word in ŉ tydelike kamp net buite Marienthal aangehou. Die totaal is 119. Behalwe vir ses MPLA's, bestaan die res (113) uit 78 mans en 35 vrouens wat, sover vasgestel kan word, almal SWAPO-lede en geharde terroriste is. Met die uitsondering van drie wat Angolese burgers is, is die res van die groep almal Wambo's uit Suidwes-Afrika.

Die aangehoudenes kan nie as krygsgevangenes beskou word nie omdat daar nie ŉ staat van oorlog bestaan nie.

Die feit van aanhouding word tans nog geheim gehou alhoewel die inwoners van Marienthal daarvan bewus is. So ook weet die Suid-Afrikaanse pers daarvan maar het tot dusver nog niks daaroor gepubliseer nie.

Sover bekend het SWAPO nog nie ŉ ophef oor die aangehoudenes gemaak nie.

2/

Probleem en Doelstelling

Voortgesette aanhouding verg mannekrag, bring koste mee en veroorsaak vir die Weermag praktiese probleme. Die plek en veral die geriewe waar die terroriste aangehou word, is nie bevredigend nie.

Die Weermag wys daarop dat hulle nie 'n instansie is wat sodanige aanhouding normaalweg onderneem nie en versoek dientengevolge dat alternatiewe maatreëls getref word. Ten opsigte van die terroriste self moet bepaal word of hulle nog aangehou moet word en indien wel, wie van hulle en vir welke doel.

Kommentaar

Die aangehoudenes verstrek nie meer enige nuttige inligting nie en vanweë hulle gesindheid kan hulle nie as getuies gebruik word nie. Hulle het geen verdere nut vir die owerhede nie.

Die aangewese optrede in 'n geval van hierdie aard, waar die aangehoudenes nie vervolg kan word nie en geen verdere nut het nie, sou wees om hulle vry te laat. Teenoor so 'n optrede word egter sterk twyfel uitgespreek aangesien die terroriste in aanhouding, indien vrygelaat, vir SWAPO 'n geweldige propagandamiddel in Owambo sal wees en hulle selfs onder die plaaslike bevolking probleme sal kan veroorsaak. Behalwe die feit dat in geval van vrylating die aanhouding van die terroriste wêreldkundig sal word, is daar moontlik die verdere nadelige gevolg dat Suid-Afrika soos in die geval van SWAPO-aanhoudingskampte in Zambië, hom in die posisie sal bevind waar daar voortdurende en oordrewe aantygings oor getalle in aanhoudingskampe teen ons gemaak sal word.

Ingevolge die Suidwes-Afrika skikkingsvoorstelle sal uitgewekenes egter toegelaat word om na Suidwes-Afrika terug te keer en sal Suid-Afrika politieke gevangenes en ander aangehoudenes ook moet vrylaat. Dit sou hierdie groep insluit.

Wat rehabilitasie betref blyk dit dat behalwe vir 'n internasionale reaksie teen soiets, die kanse op enige sukses, selfs met die beste metodes, minimaal is. Enige rehabiliteringspoging kan alleenlik met groot uitgawes en inspanning onderneem word. Dit is reeds in die praktyk so bevind, terwyl in gedagte gehou moet word dat die huidige groep behalwe vir hulle eie oortuiging, feitlik al vir 'n jaar in aanhouding is sonder enige poging tot rehabilitasie.

Die Administrateur-generaal van Suidwes-Afrika is al vroeër deur die Weermag oor hierdie probleem genader maar hy is nie geneë tot die uitvaardiging van 'n proklamasie wat vir die aanhouding van die terroriste voorsiening sal kan maak nie. Hy is ook nie gewillig om die taak oor te neem nie. Die oplossing is nie daarin geleë om die terroriste na die Republiek te bring nie, aangesien dit politieke en regsprobleme sal meebring.

<u>Aanbevelings</u>

1. Dat die Suidwes-Afrika Administrasie in die saak geken word en wel in die sin dat die saak op 'n politieke vlak met die Administrateur-generaal opgeneem word met die klem op die noodsaaklikheid van 'n proklamasie wat die aanhouding van die terroriste sal reguleer en die tref van reëlings vir hulle voortgesette aanhouding ~~deur die Suidwes-Afrika Administrasie~~. Die SWAGBS sal ook in die beraadslagings betrek moet word.

2. Dat vanweë die propagandavoordeel wat SWAPO daaruit kan trek en die verwarring wat die aangehoudenes kan saai, asook hulle onderhandelingswaarde ten opsigte van die vrylating van lede van die S.A. Weermag hulle geensins, terwyl daar 'n moontlikheid van verdere verkiesing is, deur die SAW losgelaat moet word nie; indien die ~~SWA-administrasie~~ Admin-Genl verantwoordelikheid vir aanhouding sou oorneem moet Suid-Afrika se belange ten opsigte van die vrylating van lede van die SAW beskerm word.

3. Dat rehabilitasie met die geringe kans op sukses en met inagneming van die gehardheid van die gevangenes, nie verder deur die Suid-Afrikaanse owerhede oorweeg word nie.

4/

4. Dat die ses MPLA-lede nie vir die huidige vrygelaat moet word nie maar vir moontlike onderhandelings- en ander diplomatieke doeleindes aangehou word.

2. ʼn LANGTERMYNBELEID VIR DIE TOEKOMS

Met die oog op die teenwoordigheid van ANC en PAC terroriste in buurstate kan verwag word dat daar van hulle in die toekoms gevange geneem en na die Republiek gebring sal word. Dit is die Komitee se mening in die lig van die bespreking van die aangehoudenes in Suidwes-Afrika dat dit ʼn nuttige doel sal dien indien alle belanghebbendes by ʼn studie van die probleem betrek word en riglyne neerlê. Aandag behoort gegee te word aan die beperkte fisiese vermoëns waaroor ons tans beskik.

Op grond van die beskikbare feite en met inagneming van persone wat in toekomstige optredes gevange geneem mag word, kan sodaniges in vier groepe verdeel word:

a. Opgeleide terroriste - mans en vroue.
b. Aanhangers van terroriste - mans en vroue.
c. Persone wat hulself teen hul sin onder terroristebeheer bevind - ontvoerdes, gevangenes, ens.
d. Buitestaanders - lede van gewapende magte van gasheerlande, gewone burgers van gasheerlande, ens.

Die vraag is: wie is verantwoordelik vir die aanhouding van persone onder groepe (a) en (b) wat word met hulle gedoen en watter wetlike basis bestaan vir hulle aanhouding?

In die gevalle van Rhodesië en Noord-Ierland is soortgelyke probleme met behulp van noodregulasies en spesiale wetgewing opgelos.

Ten einde die probleem van aanhouding te verminder, kan in toekomstige optredes van gevangeneming afgesien word of waar moontlik, beperk word, behalwe waar sodanige gevangeneming vir ondervragingsdoeleindes gewens blyk te wees. Dit moet egter uitgewys word dat in geval van militêre optrede, omstandighede selde sodanig is dat gevangeneming slegs op 'n uitsoekbasis kan geskied.

Die Komitee voel dat aandag gegee moet word aan die skepping van wetgewing wat die aanhouding moontlik sal maak van terroriste wat om bepaalde redes nie vervolg kan word nie, wat nie as getuies gebruik kan word nie en wat nie langer vir onder~~handelings~~doeleindes van nut is nie.

PRETORIA

2 April 1979